GOSA – KAAP Voorsittersverslag vir 2019

AJV gehou op 11 Julie 2019 te Skilpadsvlei, Stellenbosch

GOSA Kaap se vorige Werkswinkel en Jaarvergadering het plaasgevind op 20 Junie 2018 te Demas, Worcester. Die Werkswinkel is bygewoon deur 59 afgevaardigdes en die volgende onderwerpe is bespreek:

- *Die Doel en Toekoms van Voedselveiligheidsoudits - Eugene Rossouw (PPECB)*
- *Graanmarkte – Werner Visagie – (Overberg)*
- *GOSA Bedryfskommitee – Johan v Rensburg*
- *Beroepsgesondheid en Veiligheid – Adriaan vd Berg (Legal Compliance Advisors)*

TAKKOMMITEE VERGADERING:
Daar is in Desember, Februarie en Maart Takkommitee vergaderings gehou.
Mnr Rhyan Coetzee het tydens die Desember vergadering bedank a.g.v Kaap-Agri wat ontrek het uit enige GOSA betrokkenheid tot dat die proses met Agbiz afgehandel is.

Daar was geen nomunasie vir nuwe lede tydens die AJV en het die kommitee besluit om twee persone te nader vir die vakante poste gelaat deur menere Awie Kriel en Rhyan Coetzee.
Menere Neil de Lange van Massamatic en Jurie Claasen van AEG is benoem deur die oorblywende takkomitee lede en verkies tot die raad.

GOSA-Kaap se bestuur lyk dus soos volg:
Voorsitter - George du Plessis
Onder voorsitter - Heinie Crywagen
Tessourier - Michal Rher
Sekretaris - Eddie de Jager
Kommitee lede- Johan Lusse, Niel de Lange & Jurrie Claasens

GOSA - NASIONAAL:

Die takkomitee voorsitter het die afgelope jaar drie vergaderings van die Raad in Pretoria bygewoon.

Die grootste uitdaging was die toekomstige same werking of samesmelting met Agbiz Grain.

Die Nasionale raad het in April bymekaar gekom saam met verteenwoordigers van Agbiz om die samewerking of samesmelting onder leiding van prof Johan Willemse te bespreek.

Prof Willemse het ook n onafhanklike ondersoek na so n ooreenkoms tusse GOSA en Agbiz gely.

Albei partye en prof willemse het tot die gevolg gekom dat daar wel n geleentheid is om tydens werkswinkels en Simposiums nouer samewerking te kry.

Maar dat die twee organisasie nie op hierdie oomblik kan saamsmelt nie.

Daar is besluit om twee persone elk van GOSA en Agbiz te nommuneer om saam oor die werkswinkel en simposiums se inhoud te besluit om duplikasies te voorkom.

N Baie suksesvolle Simposium is gehou te Club Mykonos, Langebaan op die 19 en 20ste Maart 2019 . n Geraamnde 300 simposiumgangers het die twee dae bygewoon. Met sprekers soos mnr Masiuoa Lekota, dr Roelof Botha en prof Dirk Coetzeel om net n paar te noem is die simposium met geweldige lof ontvang.

Me Annetjie Loio het ook amptelik as voorsitter van GOSA Nasionaal uitgetree

GOSA NAsionaal het egter besluit om eers te wag tot na die gesprek met Agbiz afgehandel is voordat hulle n nuwe president sal kies.

Op die 12 Junie 2019 is GOSA nasionaal se raad soos volg verkies.

President – Hein Rehr

Vise President – Johan van Rensburg

Tesourier – Marco Pretorius

Ander lede : Esli Rall

Lukas Swarts

Ferdi Meyer

George du Plessis

Stefan van Staden - Afgri

Tom Terblanche – Grain Carriers

Die twee afgevaardiges van Gosa vir die Gosa/Agbiz komitee :

- Stefan van Staden
- Ferdi Meyer

ALGEMEEN:

GOSA – KAAP lede het die afgelope seisoen n gemiddeld tot goeie oeste hanteer.

Veral die Suid-Kaap het hewig deurgeloop onder droee toestande, wat gely het tot n baie kleiner oes in die SSK gebied.

In die Ruens het die jaar begin onder droee toestande, maar reen op die regte tye tydens die produksie seisoen het gely tot n bo verwagte Gars oes maar wel n kleiner koring oes.

In die Swartland was die toestande mooi deur die jaar en het ons n bo-gemiddelde oes verwag.

Ongelukkig het baie sterk wind n groot deel van die produksie beinvloed in seker gebiede tydens oestyd.

Tot hede het beide die Suid Kaap en Swartland n goeie plantyd gehad, met vog teenwoordig in meeste plekke.

Daar is egter sommige areas wat nog vog benodig en hoop ons op n gunstige winter reenval vir die res van die jaar.

‘n Spesiale poging word aangewend om GOSA aan personeel in relevante bedrywe bekend te stel.

Baie dankie

George du Plessis

Voorsitter GOSA - KAAP